

# WEEK 8

## VOLHARD IN GEBED

### BID SONDER OPHOU

#### 1 Tessalonisense 5:16-17

*Wees altyd bly. Bid gedurig.*

#### **Wat beteken dit? (Dink so bietjie daaroor)**

Vir my beteken dit niks anders as 'n manier van leef nie. Dit beteken nie jy bid die hele tyd nie. Jy moet soms werk, jy moet eet, slaap, speel. Dit gaan egter hier oor 'n houding van alles biddend benader. Niks word as vanselfsprekend aanvaar nie. Jy verstaan die krag van gebed en jy weet jy kan nie sonder dit nie.

Wat ons tog vir mekaar moet sê is dat die meeste mense skiet in die proses tekort. Daar is niemand wat ek ken wat sal sê: "Ek bid genoeg nie." Almal voel hulle skiet êrens in hulle gebedslewe tekort. Miskien moet ons ophou skuldig voel en God en gebed begin geniet.

#### **Lukas 11:1-13**

*Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het." 2 En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom. 3 Gee ons elke dag ons daaglikse brood; 4 en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie." 5 Verder sê Hy vir hulle: "Sê nou een van julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: 'Vriend, leen my bietjie drie brode, 6 want 'n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.' 7 En die ander antwoord van binne af: 'Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my kinders is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie ...' 8 Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie. 9 "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. 10 Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. 11 Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? 12 Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? 13 As julle wat sleg is, dan*

*weet om vir julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”*

Lees weer vers 5-13 - Wat hoor jy oor die gesindheid van om te volhard in gebed?

Hoor mooi wat sê vers 8: *“Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie. ”* As ’n mens vol gebreke ten spyte van koue en ongerief tog reageer op iemand se konstante aanhoudende versoeke om hulp, hoeveel te meer sal ’n goeie God nie reageer nie. Daarom sê Jesus in vers 9: *“Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word.”* Vader, het geen probleem as ons vra en vra en soek en soek en klop en klop nie. Inteendeel Hy nooi ons uit om te volhard in gebed en met ’n gesindheid te leef, van bid gedurig. Hoor wat leer Jesus ons in Lukas 18.

### **Lukas 18:1-8**

*Jesus het vir hulle ’n gelykenis vertel om duidelik te maak dat ’n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. 2 Hy het gesê: “In ’n sekere stad was daar ’n regter wat geen eerbied vir God of agting vir ’n mens gehad het nie. 3 En in dieselfde stad het ’n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: ‘Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.’ 4 ’n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan ’n mens steur ek my nie, 5 maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regspraak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog.” 6 Toe sê die Here: “Hoor wat sê die onregverdigte regter. 7 Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? 8 Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook! “Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?”*

Wat leer Jesus ons? Vers 1 verklaar sommer al klaar die gelykenis. Hy het die gelykenis vertel om dit duidelik te maak dat ons Sy kinders kan en moet bid sonder om moedeloos te raak. God hoor en verhoor altyd alle gebede. Partykeer sê Hy *“ja,”* ander kere sê Hy; *“nee,”* en ander kere weer sê Hy: *“wag ’n bietjie.”* Die kruks van die saak, God is nie moedswillig en onwillig om ons te hoor nie. Maar Hy weet die beste. Iemand het eendag die beeld van ’n tapisserie gebruik. Kry ’n mens dit nog ooit?



Hoe dink jy lyk die agterkant, veral terwyl daaraan gewerk word? Rof, die drade hang los, jy kan glad nie die prentjie uitmaak nie. God werk met die mooiste prentjie vir jou en my. Vir jou lyk dit deurmekaar en wonder jy waarmee God besig is, maar Hy weet presies. So hou aan vra, want God is ons goeie Vader. Hy verstaan ons as sy kinders. Wanneer 'n saak vir jou so belangrik is dan nooi God jou uit om volhardend te bid, aanhou te vra totdat jy weet ek hoef nie meer te vra nie. En jy sal weet wanneer is genoeg, nou genoeg.

God verhoor ons nie noodwendig vir ons baie woorde, of ons aanhoudende gesanik nie, maar omdat Hy ons hart ken. Die man wat die brood in die nag vra en die vrou wat aanhoudend bid, gebruik geen rituele gebedsformules nie. Nee al wat hulle doen hulle stort hulle voor die God uit. God sê dat Hy sal hoor. Hierdie aanhoudend vra is nie een of ander "chant" of soos die Moslems maak, herhaal elke dag 5 keer dieselfde gebed nie. Nee, dit is om met die enigste persoon in die heelal wat jou situasie ken en kan verander kontak te maak. Dit is om jou totale afhanklikheid te erken en te bely.

- **Die voorbeeld van Jesus**

Om regtig volhardende gebed te verstaan kan ons by niemand anders as Jesus self leer nie. Hy was as mens iemand wat gedurig gebed het. Hy het soveel keer gesê dat Hy niks doen as die Vader dit nie vir Hom gesê het nie. Hy was in voortdurende gesprek met Sy Vader.

### **Lukas 22:39-43**

*Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg. 40 Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie." 41 Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebed: 42 "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!" 43 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. 44 Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebed. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val.*

Ten spyte van die feit dat Hy geweet het wat die uitkoms gaan wees, het Hy steeds volhard het in gebed. Drie keer het Hy teruggegaan en gaan vra

### **Is Sy gebed verhoor?**

Ja. Het dit gebeur soos Jesus gevra het? Ja en nee. Nee, want die beker het nie by Hom verby gegaan nie, maar ja, God het Sy wil laat geskied.

### **Hebreërs 5:7-8**

*Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. 8 Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.*

Jesus het met smeekgebede en trane gebed. Dit sê net een ding, dit is die gebed van iemand wat graag gehoor wil word. Waarom is sy gebede verhoor? Omdat Hy aanhou vra het? Nee, as gevolg van sy eerbiedige gehoorsaamheid aan Sy Vader. Vader het die gesindheid van Sy hart gesien.

So wat ons sommer dadelik moet weet, volhardende gebed is nie 'n formule vir die beantwoording van gebede nie. As jy net lang genoeg vra sal God verseker gee. Nee, volhardende gebed, met eerbiedige gehoorsaamheid, bring jou in die teenwoordigheid van die



enigste wese wat jou kan hoor en verhoor. Belydenis van afhanklikheid bring seën, nie altyd ja-antwoorde nie, maar net om in die teenwoordigheid van God te wees, verander jou en bou jou op. Ons kan so baie leer by ons broers en susters van die vroeë kerk.

- **Die vroeë kerk**

### **Handelinge 1:14**

*Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.*

### **Handelinge 2:42**

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

### **Handelinge 12:12**

*Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid*

## **Wat is die patroon wat jy sien?**

Die vroeë kerk het gebid. Dit is duidelik dat hulle die voorbeeld van Jesus gevolg het. Nog voor die uitstorting van die Heilige Gees lees ons dat die gelowiges het bymekaar gekom en volhard in gebed. Ons lees in Handelinge 2:42, dat hulle, hulle toegelê het op gebed. Dit het sommer natuurlik gekom. Later nadat Petrus gevangene geneem is, sien ons weer die gelowiges in gebed.

Die boodskap dwarsdeur die Nuwe Testament was eenvoudig, bid en volhard en gebed. Hulle het gou-gou verstaan dat God nie al hulle gebede beantwoord soos hulle wil nie, maar dit het hulle nie gestop om te bid nie. Miskien het hulle verstaan dat God die volmaakte prentjie, die volmaakte tapisserie sien.

Paulus is 'n voorbeeld van hoe daar met volharding gebed is.

- **Paulus**

Dwarsdeur sy briewe lees ons hoe hyself bid en hoe hy mense aanmoedig om volhardend te bid.

## **Efesiërs 6:18**

*Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.*

## **1 Tessalonisense 3:10**

*Dag en nag bid ons met ons hele hart om julle weer persoonlik te mag sien en om aan te vul wat nog aan julle geloof ontbreek.*

Iemand het eendag gesê dat gebed die meeste energie van 'n mens se hart vat en dat dit dalk die Christen se grootste prestasie op aarde is.

Dit vra inspanning om te bid en soms is volhardende gebed harde werk. Die woord sê: "Soek en jy sal vind." God is "vindbaar." Moenie ophou totdat jy duidelik God se stem in jou hart hoor praat nie. Dit is dan somer die antwoord op die vraag waarom moet 'n mens aanhou bid, sodat jy God se arm draai, nee, sodat jy sy stem kan hoor en Sy wil vir jou lewe kan hoor. En dan sal jy duidelik in jou hart hoor, *"ek het nou klaar oor hierdie saak gebid."*

Ek dink daar is iets wat ons nie moet mis lees in 1 Tessalonisense 5:16-17. Daar is twee goed wat saam gaan. "Wees altyd bly, bid gedurig." As gebed vir jou 'n las word, sodat jy naderhand sleepvoetend bid, dan is daar groot fout. Gebed bring jou in die teenwoordigheid van die lewende God. Daar is geen groter ding wat met enige mense kan gebeur nie. So hierdie inspanning om waarlik God se hart te hoor, moet vir jou en my 'n vreugde wees.

## **MOTIEWE VIR VOLHARDENDE GEBED**

- **'n Begeerte om God te verheerlik**

Wanneer jy en ek aan gebed dink moet dit gaan oor die heerlikheid van God. Dit gaan altyd en in alles oor Hom. Oor Sy grootheid, Sy Naam, Sy Koninkryk. Daarom begin Jesus Sy model-gebed met die woorde, *"Laat U Naam geheilig word, laat U wil geskied, laat U Koninkryk kom."* So gebed en veral volhardende gebed gaan daarvoor dat God se heerlikheid "His Glorious Greatness," op die aarde geskied, en daarom volhard jy. Nie om my wil af te dwing nie, maar om God se wil te hoor.

- **'n Begeerte vir 'n ontmoeting met God**

## **Psalm 27:4**

*Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.*

## **Psalm 42:2-3**

*Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. 3 Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?*

Is dit jou begeerte? Tyd saam met God? Kan nie wag om in Sy teenwoordigheid te kom nie? Soos 'n wildsbok wat dors is smag na water, so sê die Psalm moet ons smag na God. Hoe meer jy tyd met God spandeer, hoe meer sal jy wil. Het jy regtig daardie begeerte na 'n ontmoeting met die lewende God? Of handel jy 'n klomp sake af en gaan aan met jou lewe?

- **'n Begeerte dat God jou nood sal verlig**

## **Matteus 7:7-8**

*"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, 8 want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.*

## **Matteus 6:11-12**

*Gee ons vandag ons daaglikse brood; 12 en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;*

Moenie ophou bid nie, al voel dit vir jou of God jou nie hoor nie of jou gebede beantwoord nie. Onthou en moet dit nooit vergeet nie. Net God alleen kan jou nood verlig. God alleen is die voorsiener. God alleen is die geneesheer. Miskien volhard jy net in gebed as jy regtig in die moeilikheid is. Ons samelewing maak dat ons alles so maklik kry. Toe ons in die sendingveld gebly en gewerk het was dit anders. Jy moes God vir elke ding vertrou, die taal, jou veiligheid, jou finansies, jou gesondheid, noem dit op. Dit is dan wanneer volhardende gebed sin maak. Jy loop nêrens as God nie saam gaan nie. Jy praat met niemand as God nie so sê nie. Daar moet by ons 'n begeerte wees om, al is alles so maklik vir ons, dat ons God steeds sal vra vir elke stap van die dag.

- **'n Begeerte vir wysheid**

## **Jakobus 1:5**

*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.*

As jy by 'n punt in jou lewe gekom het dat jy dink jy weet, dan is dit 'n kwade dag. Ons het wysheid nodig om God se wil vir ons lewe te onderskei. Ons het God se wysheid nodig om ons te wys waar die duiwel se slaggate is. Ons het God se wysheid nodig om ons te wys waar die nood is, en waar en hoe ons Sy hande en voete moet wees. Ons het wysheid nodig om te weet hoe en waar om die evangelie te verkondig. Punt is, ons moet volhardend bid vir God se wysheid in ons.

- **'n Begeerte om kormervry te lewe**

God beplan voorspoed en nie teespoed vir Sy kinders nie. Dit is nie asof God in die hemel sit en dink hoe Hy die lewe vir ons moeilik kan maak nie. Dit is nie God se styl nie. God is juis die teenoorgestelde.

## **Filippense 4:4-7**

*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

Bring jou kommer na Hom. Vertel vir Hom wat jou pla. Maak Hom nie net deel van jou verlede nie, maar ook van jou toekoms. Vra die Here om deur Jesus Christus dit wat jou so lam lê weg te neem en jou in staat te stel om in vrede te leef. Pille kan help, drank kan help, "shopping" kan help, maar net God kan blywende vrede bring.

- **'n Begeerte om dankie te sê**

As jy so terug kyk oor jou lewe dan is dit duidelik dat God goed is. Ten spyte van swaarkry en ongelukkigheid van die verlede kan die meeste mense getuig van God se goedheid en guns.



Daar moet by jou 'n begeerte wees van voortdurende dankie, dankie, dankie God die Vader, Jesus Christus die Verlosser en Heilige Gees die Trooster.

- **'n Begeerte om vry te wees van die skuldgevoel oor sonde**

Sonde maak jou lam. Sonde van die verlede ry jou dikwels en maak dat 'n mens nie tot sy of haar volle potensiaal kan leef nie.

**Psalm 32:1-6**

*Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. 2 Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie. 3 Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgekeer soos ek heeldag om hulp geroep het. 4 U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Sela 5 Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe. Sela 6 Dit is waarom elke gelowige in 'n tyd van nood tot U bid; selfs vloedwaters sal hom nie skielik oorval nie.*

**Miga 7:18-19**

*Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. 19 Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.*

Om vry te kom van sonde en die skuld van sonde, vra volhardende gebed. Die duiwel is al te gou by om jou te herinner aan die foute en sonde van die verlede. Die Here speel klaar met sonde. Vra Hom om sonde aan jou uit te wys en aanvaar Sy vergifnis en lewe in oorvloed.

- **'n Begeerte vir die redding van die verlore nes**

Die wêreld is verlore sonder God. God kies om mense soos ek en jy te gebruik. Hy wil hê dat ons moet bid en vra vir die redding van siele. Waarom? Sodat ons sal besef ons moet getuig en saam met Sy Gees werk om mense te red van die ewige dood. God het 'n begeerte na redding en hoe meer jy bid, hoe meer sal jy Sy hart vir die verlore nes kry en hoe meer mense sal gered word.

## **Romeine 10:1-2**

*Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, 2want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.*

Is dit jou begeerte dat eerstens jou mede-Suid-Afrikaner en tweedens die mense met wie jy jou lewe deel, die verlossing van Jesus sal kan ervaar. Vra God gedurig om jou 'n begeerte te gee om te bid vir geleenthede om te getuig. Paulus sê dit is *“sy hartewens.”*

- **'n Begeerte na geestelike groei**

Daar is net een plek waar ek meer leer om soos Jesus te wees, dit is aan die voete van die Meester Homself.

## **2 Korintiërs 3:18**

*Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.*

Hoe word ek meer soos Jesus? Deur gereeld in gebed, elke dag, tyd met Hom spandeer. Tyd waarin ek vir Hom vra om my te verander sodat ek meer soos Hy raak.

So as ons eerlik is, is daar baie goed waarvoor ons elke dag gedurig, deur die loop van die dag, in die gange van die werk, of wandelgange van 'n winkelsentrum, of in my voertuig, of by my huis, te bid. Hierdie gedurige volhardende gebed, kan in die binnekamer geskied, maar moet eintlik 'n leefwyse raak. Hoor wat sê Jakobus oor die volhardende gebed van die gelowige.

## **Jakobus 5:16b**

*Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.*

Toets God hierin. Toets Hom en begin sien hoe jou lewe verander, as jy deur die lewe gefokus gaan op God.